



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

EKONOMIE V1

2023


NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 23 bladsye.

APPROVED

N Pillay
Internal Moderator
03 June 2023



APPROVED

MLL Rambuda
External Moderator
03 June 2023

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1****1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**


- | | | | |
|-------|---|---------|------|
| 1.1.1 | B - huidige pryse ✓✓ | | |
| 1.1.2 | D - saamgestelde ✓✓ | | |
| 1.1.3 | C - parastatale ✓✓ | | |
| 1.1.4 | A - vergelykende ✓✓ | | |
| 1.1.5 | B - ekonomiese unie ✓✓ | | |
| 1.1.6 | A - Nasionale Ontwikkelingsplan ✓✓ | | |
| 1.1.7 | C - Nasionale Navorsing-en ontwikkelingstrategie ✓✓ | | |
| 1.1.8 | D - M1 ✓✓ | (8 x 2) | (16) |

1.2 PAS ITEMS

- | | | | |
|-------|--|---------|-----|
| 1.2.1 | H - die proporsie van addisionele inkomste wat huishoudings verkies om op goedere en dienste te bestee ✓ | | |
| 1.2.2 | E - gebruik van belasting en staatsbesteding om makro-ekonomiese doelwitte te bereik ✓ | | |
| 1.2.3 | D - die herverdeling van inkome binne die ekonomie ✓ | | |
| 1.2.4 | A - die verhouding tussen uitvoer- en invoerpryse deur middel van indekse gemeet ✓ | | |
| 1.2.5 | B - die daling in produksiekoste as gevolg van hoë vlakke van produksie ✓ | | |
| 1.2.6 | F - die wêreldwye integrasie van ekonomieë met handel as 'n belangrike element ✓ | | |
| 1.2.7 | C - beoog 'n aansienlike toename in die aantal voorheen benadeelde mense om die land se ekonomie te besit, beheer en bestuur ✓ | | |
| 1.2.8 | I - verbind tot die handhaaf van internasionale vryheid, sekuriteit , sosiale ontwikkeling en menseregte ✓ | (8 x 1) | (8) |

1.3 GEE DIE TERM

- | | | | |
|-------|-----------------------------------|---------|-----|
| 1.3.1 | Ekstrapolasie ✓ | | |
| 1.3.2 | Mediumtermyn bestedingsraamwerk ✓ | | |
| 1.3.3 | Invoervervanging ✓ | | |
| 1.3.4 | Invoerkwota ✓ | | |
| 1.3.5 | Grondrestitusie ✓ | | |
| 1.3.6 | Streeksontwikkeling ✓ | (6 x 1) | (6) |

TOTAAL AFDELING A: 30

NP MLL

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 30 MINUTE****2.1 Beantwoord die volgende vrae.****2.1.1 Noem die TWEE draaipunte van 'n sakesiklus.**

- Piek ✓
- Trog ✓

(2 x 1) (2)**2.1.2 Waarom sal 'n afname in Suid-Afrikaanse uitvoere lei tot die depresiasie van die rand lei?**

Aanbod van buitelandse valuta sal afneem wat die waarde van buitelandse valuta sal verhoog wat tot die depresiasie van die rand sal lei / Die vraag na plaaslike geldeenheid in uitvoerbestemmingslande kan afneem wat depresiasie tot gevolg het ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)**2.2 DATARESPONS****2.2.1 Identifiseer die belastingkoers waarteen die owerheid belastinginkome maksimaliseer.**


50% ✓

(1)**2.2.2 Noem enige vorm van indirekte belasting wat deur huishoudings aan die owerheid betaal word.**

- Belasting op Toegevoegde waarde/BTW ✓
- Aksynsreg (Sondebelasting, brandstofheffing, koolstofbelasting, Suikerbelasting) ✓
- Invoerregte / Invoertariewe ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**(1)****2.2.3 Beskryf kortliks die term *progressiewe belasting***

Belastingstelsel waarby mense in hoër inkomste groepe betaal hoër belastingkoerse as die in laer inkomste groepe. ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**(2)**NP
MLL

2.2.4 **Verduidelik die effek van 'n regressiewe belastingstelsel op inkomme-verdeling.**

Regressiewe belastingstelsel maak inkomste meer ongelyk verspreid te wees/Die inkomste ongelykheid tussen die bevolking sal verhoog / Die gaping tussen lae-inkomsteverdieners en hoë-inkomsteverdieners sal toeneem namate lae-inkomsteverdieners hoër belastingkoerse as hoë-inkomsteverdieners betaal ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2)

2.2.5 **Waarom sal belastinginkome afneem as die owerheid baie hoë belastingkoerse hef?**

- Sommige besighede en individue sal genoodsaak wees om belasting te ontduik gevolg laer belastinginkomste vir die owerhede. ✓✓
- Sommige werkers mag ontmoedig wees om die arbeidsmark te betree wat die belastingbasis vir die owerhede verklein. ✓✓
- Besighede mag produksie verminder of hul investeringe in die ekonomie onttrek, wat die belastingbasis laat krimp ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2 x 2)

(4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Identifiseer 'n konsep wat verband hou met die veranderinge in die verbruikersprysindeks in die spotprent hierbo.**

Lewenskoste ✓

(1)

2.3.2 **Noem die verduideliking (benadering) van sakesiklusse wat in die spotprent hierbo geïllustreer word..**

Eksogene/Monetaristiese ✓

(1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *resessie*.**

Afname of negatiewe groei in reële Bruto Binnelandse Produk vir ten minste twee aaneenlopende kwartale./Die eerste fase van 'n afswaai waar ekonomiese aktiwiteite begin afneem. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)


(2)

2.3.4 **Verduidelik die impak van die Oekraïne/Rusland-oorlog op plaaslike voedselpryse.**

Die Oekraïne/Rusland-oorlog het 'n afname in aanbod en 'n styging in pryse van landbou-insette van Rusland tot gevolg gehad, wat tot 'n styging in plaaslike voedselpryse gelei het / Brandstofpryse het gestyg wat gelei het tot hoër vervoerkoste wat plaaslike voedselpryse verhoog het ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2)



2.3.5 **Hoe kan die owerheid monetêre beleid gebruik om ekonomiese aktiwiteit te stimuleer?**

- Die owerhede kan uitbreidende monetêre beleid gebruik om ekonomiese aktiwiteit te stimuleer gedurende die resessie of depressie fase. ✓✓
- Verlaging in rentekoerse sal krediet goedkoper maak wat vraag vir goedere en dienste sal vermeerder. ✓✓
- Geldvoorraad kan vermeerder word deur meer krediet te verleen of kontantreserwevereistes te verminder of sekuriteite deur middel van oopmarktransaksies te koop wat verbruikersbesteding sowel as produksie sal vermeerder ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 **Verduidelik kortliks die vryswewende en die vaste wisselkoersstelsels.**


Vryswewende

- Die waarde van 'n geldeenheid word net deur markkragte bepaal, dit is die vraag na rand en aanbod van rand. ✓✓
- Die regering meng nie in die buitelandsevaluta-markte om wisselkoerse te beïnvloed nie. ✓✓
- Die wisselkoers fluktueer soos marktoestande verander ✓✓
- Enige verskille in aanbod en vraag word outomaties in die mark gekorrigeer. ✓✓
- Suid-Afrika gebruik 'n vryswewende wisselkoersstelsel wat die geldeenheid toelaat om by wêreldtoestande aan te pas. ✓✓ (2 x 2) (4)

Vaste

- Die regering bepaal of koppel die wisselkoers gebaseer op die waarde van 'n ander geldeenheid soos die VS dollar ✓✓
 - Die sentrale bank koop en verkoop buitelandse valuta om die wisselkoers op die bepaalde vlak te handhaaf ✓✓
 - Die owerhede kan die wisselkoers na 'n laer vlak devalueer in terme van ander geldeenhede of revalueer na 'n hoër vlak. ✓✓ (2 x 2) (4)
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(’n Maksimum van 4 punte mag vir blote opnoem van feite/ voorbeelde toegeken word)

(8)




2.5 **Hoe kan die Suid-Afrikaanse owerheid die gehalte van openbaresektorvoorsiening verbeter?**

Die Suid-Afrikaanse owerheid kan die gehalte van openbaresektorvoorsiening verbeter deur:

- owerheidskontrakte vir dienslewering aan maatskappye met 'n positiewe rekord toe te ken ✓✓
 - genoegsame hulpbronne na verskillende departemente toe te ken om diensverskaffing sonder onvermoë te verseker ✓✓
 - onnodige reëls en prosedures (burokrasie) weg te doen om doeltreffende dienslewering te verseker ✓✓
 - korrupsie tussen regeringsamptenare te verwyder deur fluitjieblaserkanale ('whistle blowing') te implementeer soos direkte telefoonlyne om korrupsie aan te meld ✓✓
 - staatsamptenare in diens te neem gebaseer op kwalifikasies, vaardighede en ondervinding om hoë bevoegdheidsvlak in die openbare sektor te verseker ✓✓
 - aansporings aan te bied soos prestasie-bonusse aan staatsamptenare om hulle aan te moedig om hul take suksesvol uit te voer ✓✓
 - die verouderde infrastruktuur te verbeter of opgradeer om betroubare diensverskaffing te verseker ✓✓
 - nepotisme, voortrekery, omkoperij en kader-ontplooiing in werwingsprosedures in die openbare sektor te vermy ✓✓
 - sommige staatsbates te privaatiseer om doeltreffendheid in diensverskaffing te verbeter ✓✓ Bv. as Eskom geprivatiseer kon word kon elektrisiteitsvoorsiening verbeter word ✓
 - staatsamptenare aanspreeklik te hou vir hul besluite en aksies. ✓✓
 - streng maatreëls te implementeer om wanbesteding van belastingbetalers se geld te verminder ✓✓ Bv. verskerp die implementering van die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies (PFMA) ✓
 - Private Publieke Vennootskappe te vorm om 'n vinniger, meer doeltreffende lewering van goedere en dienste in werking te stel ✓✓
 - 'n mededingende werkkultuur aan te moedig deur die aanstelling en behoud van talentvolle individue deur mededingende vergoedingspakkette ✓✓
 - 'n raamwerk vir die aanstelling en betaling vir lede van die Raad van staatsbeheerde maatskappye te ontwikkel ✓✓
 - op skaars hulpbronne te fokus vir hoogste finansiële impak ✓✓
 - duidelike koste en ontwikkelingsmandate op te stel met finansiële implikasies duidelik uitgelê ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2)
 ('n Maksimum van 2 punte mag vir blote opnoem van feite/ voorbeelde toegeken word)

(8)
[40]



VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 30 MINUTE****3.1 Beantwoord die volgende vrae.**

3.1.1 **Gee enige TWEE voorbeelde van rykdombelasting (welvaartsbelasting).**

- Kapitaalwinsbelasting ✓
- Hereregte ✓
- Boedelbelasting ✓
- Eiendomsbelasting ✓
- Skenkingsbelasting ✓
- Dividendbelasting ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

3.1.2 **Waarom is kleinsake-ontwikkeling belangrik vir die Suid-Afrikaanse ekonomie?**

Kleinsake kan help om werk te skep vir diene wat struktureel werkloos is / Kleinsake kan bronne van inkomste vir die huishoudings skep en sodoende armoede in die land verminder / Kleinsake dra by tot ekonomiese groei / Kleinsake verhoog mededinging wat ekonomiese doeltreffendheid verhoog ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 DATA RESPONSE

3.2.1 **Identifiseer 'n term in die uittreksel hierbo wat met die verwydering van invoertariewe verband hou.**

Belastingvrye ✓ (1)

3.2.2 **Noem EEN ander handelsprotokol waarvan Suid-Afrika deel is.**


- Suider-Afrikaanse Doeane-unie (SADU) ✓
- Multilaterale Monetêre Gebied (MMG) ✓
- Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) ✓
- Afrika-unie (AU) ✓
- Japan-Suid-Afrika se Venootskapsforum ✓
- Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika (BRICS) ✓
- Europese unie ✓
- Mercusor ✓
- Afrika- kontinentale vryhandelsgebied (AfCFTA)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *beskerming*.**

Regeringsbeleid wat die invoer van sekere goedere en dienste ontmoedig sodat plaaslike nywerhede nie blootgestel word aan onbillike buitelandse mededinging ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)




- 3.2.4 **Verduidelik 'n nadeel wanneer die beskermingsbeleid toegepas word.**
- Ander lande mag wraak neem deur ook beskermingsmaatreëls toe te pas ✓✓
 - Nywerhede mag te afhanklik van beskerming raak en verloor die vermoë om effektief mee te ding wanneer beskerming verwyder word. ✓✓
 - Dit is moeilik om te bepaal watter nywerhede wat die potensiaal om mededingend te wees en sal beskerming benodig ✓✓
 - Besluite oor wanneer om beskermingmaatreëls te verminder of verwyder is moeilik om te maak ✓✓
 - Ondoeltreffende produsente word beskerm ten koste van die verbruikers wat die produkte koop ✓✓
 - Beskermdde industrieë mag nie volwasse word nie en vaardighede ontwikkel om op hul eie mee te ding ✓✓
 - Plaaslike verbruikers kan van beter-gehalte produkte geweier word ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

- 3.2.5 **Hoe kan die Wet op Groei en Geleenthede in Afrika (AGOA) Suid-Afrika negatief beïnvloed?**
- Suid-Afrikaanse plaaslike besighede mag onbillike mededinging in die gesig staar van Amerikaanse produkte wat ingevoer word teen laer pryse. ✓✓
 - Werkloosheid mag vermeerder omdat plaaslike besighede geforseer word om te sluit ✓✓
 - Plaaslike besighede mag minder winste maak as gevolg van 'n afname in vraag na hul produkte ✓✓
 - Suid-Afrikaanse besighede mag geforseer word om hul pryse te verlaag om mededinging van die VS teen te staan ✓✓
 - Suid-Afrika se kwaliteitstandaarde, veral op voedselprodukte mag gekompromitteer word ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.3 DATA RESPONS

- 3.3.1 **In watter jaar het Suid-Afrika die hoogste menslike-ontwikkelingsindeks aangeteken?**
- 2019 ✓ (1)
- 3.3.2 **Noem EEN aanwyser wat gebruik word om menslike ontwikkeling te meet.**
- Per capita-inkomste ✓
 - Geletterdheidskoers ✓
 - Lewensverwagting ✓ (1)



3.3.3 **Beskryf kortliks die term *ekonomiese ontwikkeling*.**

Die verbetering in die lewensstandaard van 'n land se bevolking oor 'n periode van tyd. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2)

3.3.4 **Waarom het Suid-Afrika in 2020 'n afname in sosiale en ekonomiese ontwikkeling ervaar?**

- In 2020 baie mense hul werk verloor en ander bronne van inkomste as gevolg van die inperking beperkinge om die verspreiding van Covid-19 te verminder. ✓✓
- Lewensverwagtinge het verminder as gevolg van die bedreiging opgelê deur koronavirus op menslike lewens. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2)

3.3.5 **Hoe kan die owerheid die lewenstandaard van die mense verbeter?**

Die owerheid kan die lewensstandaard verbeter deur:


- onderwys en opleiding te verbeter vir die mense om vaardighede en kennis te win wat hul sal help om indiensneming te vind en werk te skep (entrepreneurskap) ✓✓
- meer investering te lok vir mense om werk te kry en ten minste inkomste te ontvang ✓✓
- welsynstoelae aan die armes en kwesbare te betaal om hulle toe te laat om hul basiese behoeftes te bekostig ✓✓
- gesondheidsdienste te verbeter, sanitasie en watervoorsiening vir die mense om 'n gesonde lewenstyl te leef ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.4 **Bespreek kortliks *vennootskappe* en *goeie staatsbeheer (owerheidsbestuur)* as maatstafkriteria vir streeksontwikkeling.****Vennootskappe**

- Streeksontwikkeling is die verantwoordelikheid van verskillende rolspelers in die ekonomie ✓✓
- Vennootskappe moet gebou word tussen sentrale owerheid, plaaslike regering, burgerlike gemeenskappe, spesiale belange groepe, NRO's en die privaatsektor ✓✓
- Vennootskappe moet gevorm word om deursigtigheid te verbeter en 'koop-in' van alle rolspelers aan te moedig ✓✓
- Vennootskappe tussen alle rolspelers binne die ekonomie word aangemoedig deur die Suid-Afrikaanse owerheid omdat dit 'n meer inklusiewe ekonomie bou. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)



Goeie staatsbeheer

- Streeksontwikkeling strategieë moet doeltreffend bestuur word en vry van korrupsie ✓✓
- Beginsels van aanspreeklikheid en deursigtigheid moet toegepas word om doeltreffende finansiële bestuur en beheer te verseker ✓✓
- Projekte moet korrek geprogrammeer, gemoniteer en geëvalueer word. ✓✓
- Goeie staatsbestuur vereis behoorlike bestuur van staatsfondse in baie provinsies en munisipaliteite wat swak bestuur tot gevolg hê ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)
('n Maksimum van 4 punte mag vir blote opnoem van feite/voorbeelde toegeken word)

(8)

3.5 **Evalueer die impak van uitvoerbevordering op plaaslike nywerhede in Suid-Afrika.**

Uitvoerbevordering mag impak hê op plaaslike nywerhede op die volgende maniere:

Positiewe impak


- Groter uitvoermarkte laat plaaslike besighede toe om meer produkte te verkoop en meer inkomste te verdien ✓✓
- Suid-Afrikaanse nywerhede mag goedere in groter hoeveelhede produseer en skaalvoordele benut ✓✓
- Die gemiddelde koste van produksie mag geminimaliseer wees wat plaaslike besighede toelaat om hul produkte uit te voer teen laer en mededingende pryse ✓✓
- Aansporings deur die owerheid voorsien, soos die konsessie op vervoerkoste mag winste van uitvoerders verhoog ✓✓
- Uitvoersubsidies verminder produksiekoste en verhoog die mededingendheid van uitvoerbesighede op internasionale markte ✓✓
- Plaaslike nywerhede sal meer innoverend raak en beter gehalte produkte produseer om mededingende voordeel op internasionale markte te verkry ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

Negatiewe impak

- Produsente wat finansiële aansporings ontvang van die owerheid mag hul kreatiwiteit en innovasie verloor in terme van produksie doeltreffendheid ✓✓
- Produsente mag 'n valse sein van sekuriteit hê omdat subsidies die werklike koste van produksie verdraai ✓✓
- Besighede wat nie die owerhede se finansiële hulp ontvang nie mag dit moeilik vind om op uitvoermarkte mee te ding ✓✓
- Uitvoernywerhede mag die mark verloor wanneer buitelandse lande hul vergeld deur tariewe en kwotas op ingevoerde goedere te hef ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2)
('n Maksimum van 2 punte mag vir die blote opnoem van feite/voorbeelde toegeken word)

(8)
[40]

NP MLL



VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**40 MARKS – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 **Noem enige TWEE eienskappe van openbare goedere.**

- Nie-uitsluitbaar ✓
- Nie-mededingend ✓
- Onverdeelbaar ✓
- Ontelbaar/oneindigend verbruik ✓
- Nie-verwerpbaar ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoe kan Suid-Afrikaanse werkers voordeel trek uit invoervervanging?**

Meer Suid-Afrikaanse werkers sal in diens geneem word om die goedere te produseer wat buitelandse produkte vervang / Werkers sal nuwe kennis en vaardighede opdoen deur produkte te produseer wat voorheen ingevoer is ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

4.2 **DATA RESPONS**4.2.1 **Identifiseer die item wat 'n investering in 'n spesifieke bate met 'n vaste toekomstige waarde, soos goud, aandui.**

Netto finansiële afgeleides ✓ (1)

4.2.2 **Noem die item wat vir enige weglatings en foute in die betalingsbalans voorsiening maak.**

Onaangetekende transaksies ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *portefeulje-investering (belegging)*.**


Die koop van finansiële bates soos aandele op die effektebeurs. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.4 **Verduidelik die doel van Spesiale Trekkingsregte (STR) toekennings in reserwebates.**

Om die Betalingsbalans-disekwilibria wat deur lidlande ervaar word, te finansier ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)



4.2.5 **Gebruik die inligting in die tabel hierbo om die memo-item (A) te bereken. Toon ALLE berekeninge.**

Netto direkte investering	32 367	
Netto portefeulje-investering	-4 688 ✓	
Netto finansiële afgeleides	-3 465 ✓	
Netto ander investering	9 594 ✓	
Memo item: Saldo van finansiële rekening reserwebates uitgesluit	<u>33 808</u> ✓	(4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer die nywerheidsontwikkelingsone wat voertuie vervaardig.**

- Coega NOS ✓
 - Oos-Londen NOS ✓
- (1)

4.3.2 **Noem die sleutel- ekonomiese aktiwiteit waarin Saldanha-NOS spesialiseer.**


Staal nywerhede ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *korridor*.**

'n Landstreek wat 'n deurgang vorm wat toegang van een gebied na 'n ander bied en voordele aan die mynbou, landbou en vervaardigingsnywerhede verskaf ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.4 **Waarom is dit vir die owerheid nodig om aansporings aan besighede te verskaf?**

- Om besighede aan te moedig om meer uitsette van 'n spesifieke produk te produseer ✓✓
 - Om meer investering te lok na 'n bepaalde ekonomiese aktiwiteit of produk ✓✓
 - Om besighede na verwaarloosde gebiede te lok ✓✓
 - Finansiële aansporings word verskaf om produsente te motiveer deur die koste van produksie te verminder ✓✓
 - Om handel te diversifiseer ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)




NP MLL

4.3.5 **Hoe kan Suid-Afrika voordeel trek uit die bekendstelling van spesiale ekonomiese sones (SES)?**


Suid-Afrika kan deur die bekendstelling van SES bevoordeel word op die volgende maniere:

- Ekonomiese groei word gestimuleer deur meer beleggings in sleutelgroeierende-gebiede te lok ✓✓
- Breër nywerheidsgebiede wat nie aan lughawens of hawens gekoppel is nie, word geskep ✓✓
- Werksgeleenthede verskaf veral in die vervaardigingsektor sal verdere vaardighede bevorder ✓✓
- Produksie van 'n wye verskeidenheid van goedere en dienste sal die ekonomie diversifiseer. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)




4.4 Met behulp van 'n goed benoemde Phillips-kromme (-kurwe), verduidelik die verhouding tussen *inflasie* en *werkloosheid*.



- Die kromme illustreer dat daar 'n of omgekeerde verhouding tussen werkloosheid en inflasie is ✓✓
 - Die negatiewe verhouding impliseer dat die owerheid kan kies hoeveel werkloosheid hulle wens om te 'ruil' vir inflasie ✓✓
 - Punt A verteenwoordig die natuurlike werkloosheidskoers van 14% waar inflasiekoers 0% is ✓✓
 - Wanneer die owerhede vraagkantbeleide implementeer om werkloosheid te verminder van 14%, sal inflasie styg ✓✓
 - Tussen punt A en B, as werkloosheidskoers verminder van 14% na 10%, sal inflasiekoers styg van 0% tot 2% ✓✓
 - Tussen punt B en C, as werkloosheidskoers verminder van 10% na 8%, sal inflasiekoers styg van 2% tot 6% ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) **Maks 4**
 ('n Maksimum van 4 punte mag vir blote opnoem van feite/voorbeelde toegeken word)

(8)



NP MLL

4.5 Ontleed die vraagkant- en aanbodkantfaktore wat ekonomiese groei in Suid-Afrika beïnvloed

Positiewe faktore

- Owerheidssubsidies in vorm van kontanttoelae aan KMMO's betaal help om die mededingendheid van kleinbesighede te verbeter ✓✓
- Verhoging in owerheidsbesteding op infrastruktuur ontwikkeling veral in verwaarloosde gebiede sal investering lok na verskillende streke van die land. ✓✓
- Buitelandse direkte investering help om nuwe werksgeleenthede te skep en dra by tot die reële BBP ✓✓
- Verhoogde investering in vaardigheidsontwikkeling verbeter die vaardighede van die Suid-Afrikaanse werkers en produktiwiteit ✓✓
- Stig van nuwe maatskappye wat skoon energie produseer van son en ander bronne sal nuwe werk skep ✓✓
- Toenemende beleggings in vaardigheidsontwikkeling verbeter die vaardighede van die Suid-Afrikaanse werkers en produktiwiteit wat produksie-uitset sal verhoog ✓✓
- Die vraag na skoon energie wat uit sonkrag en ander bronne geproduseer word, lei tot die stigting van nuwe maatskappye wat werk sal skep ✓✓
- Afname in korrupsie in staatsbeheerde ondernemings sal doeltreffendheid van infrastrukturele dienste verbeter daardeur produksie vermeerder ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)


Negatiewe faktore

- Swak gesondheidsorgdienste en onderwys kan lei tot laer arbeidsproduktiwiteit wat produksie-uitset sal verminder ✓✓
- Onvoldoende infrastruktuur soos paaie, treinspore en brûe maak vervoer duurder en vertraag die algemene doeltreffendheid van die land ✓✓
- Lae investeringsvertroue jeens die Suid-Afrikaanse ekonomie verminder die vermoë van die land om buitelandse direkte investering te lok ✓✓
- Lae vlakke van spaar het die beskikbaarheid van leenbare fondse verminder wat minder private investeringe tot gevolg het ✓✓
- Politieke, industriële en sosiale onstabiliteit verminder beleggingsvertroue lei tot 'n netto kapitale uitvloeï ✓✓
- Elektrisiteitstekorte lei tot laer uitsette soos produksie verlore is deur die landwye kragonderbrekings ✓✓
- Prysverhogings van ingevoerde produksie insette soos olie en landbouinset pryse het hoër produksiekoste tot gevolg wat sommige produsente mag ontmoedig ✓✓
- Hoë inflasiekoers, aangeteken bo die hoër-limiet van die inflasieteiken, het laer verbruikersbesteding tot gevolg, ontmoedig die produksie van goedere en dienste ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2)

(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)

(8)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80



NP MLL

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in detail die markte in die viersektor- ekonomiesekringloop-model.** (26 punte)
- **Hoe kan die toename in inspuittings op die Suid-Afrikaanse ekonomie 'n impak hê?** (10 punte)

INLEIDING

Die ekonomiese kringloopmodel is 'n vereenvoudigde ekonomiese model wat die interverhouding tussen die deelnemers in die ekonomie illustreer ✓✓ OF 'n Mark is 'n meganisme wat kopers en verkopers bymekaar bring en verskillende tipe goedere te verhandel ✓✓


(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding)

(Maks 2)**LIGGAAM: HOOFDEEL****VIER TIPE MARKTE IN DIE EKONOMIESE KRINGLOOP****(a) Produk/Goedere mark ✓**

- Goederemark is waar goedere en dienste gekoop en verkoop word. ✓✓
- Firmsas, owerhede en buitelandse sektor voorsien goedere en dienste en hul beweging word reële vloei genoem. ✓✓
- Verbruikers, firmsas, owerhede en buitelandse sektor koop goedere en dienste en hul betaling verteenwoordig geldvloei. ✓✓
- Goedere word gedefinieer as enige tasbare items soos voedsel, klere en motors wat menslike behoeftes bevredig. ✓✓
- In kapitaalgoederemark produkte soos geboue en masjinerie word verhandel.
- Verbruikersgoedere-mark behels die verhandeling van duursame verbruikersgoedere, half-duursame goedere en nie-duursame goedere. ✓✓
- Dienste word gedefinieer as-nie tasbare aksies en sluit groothandel, kleinhandel, vervoer en finansiële markte in. ✓✓

(b) Faktor/Hulpbronne/Insetmark ✓

- Faktormark is waar produksiefaktore verhandel word, bv. die arbeids-, eiendom en die finansiële markte. ✓✓
- Huishoudings is die eienaars van produksiefaktore en hulle verkoop dit aan firmsas, owerheid en buitelandse sektor om goedere en dienste te produseer. ✓✓
- Die produksiefaktore is arbeid, entrepreneurskap, kapitaal en natuurlike hulpbronne en dit word onderskeidelik vir lone, wins, rente en huur verruil
- Faktordienste is reële vloei en hul word met teenvloei van inkome op die faktormark vergesel ✓✓



NP MLL

(c) Finansiële mark ✓

- Finansiële markte lewer finansiële dienste aan die ander deelnemers in die ekonomie deur surplusfondse in te samel en aan diegene wie befondsing benodig te leen ✓✓
- Banke, versekeringsmaatskappye en pensioenfondse vorm deel van die finansiële mark ✓✓
- Finansiële markte is nie direk betrokke in die produksie van goedere en dienste nie, maar dien as 'n skakeling tussen huishoudings, besighede met surplusfondse en ander deelnemers wat dit benodig ✓✓

Geldmark ✓

- De geldmark is die mark vir korttermyn en baie korttermyn spaar en lenings ✓✓
- Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) is die sleutelinstelling in die geldmark ✓✓
- Die SARB administreer die funksie van wetgewing en bestuur van die geldmark ✓✓
- Geldmark sluit in interbanklenings vir 'n periode as kort as oornag. ✓✓
- Die sekuriteite wat verhandel word sluit in korttermyndeposito's, staatsobligasies en skatkiswissels ✓✓

Kapitaalmark ✓


- Die kapitaalmark is die mark vir langtermyn spaar en leen ✓✓
- Die Johannesburg Sekuriteitsbeurs (JSE) is 'n sleutelinstelling in die kapitaalmark ✓✓
- Die sekuriteite wat in die mark verhandel word, is langtermyndeposito's, verbandlenings en aandele ✓✓

(d) Buitelandse valutamark ✓

- Die buitelandse valutamark is 'n multi-nasionale mark waar geldeenhede van alle lande verhandel word, ✓✓ bv. Die Suid-Afrikaanse rand kan vir die VS dollar verhandel word ✓
 - Die buitelandse valutamark het sy oorsprong wanneer een land goedere van 'n ander land invoer en plaaslike geldeenheid moet verhandel word om vir die invoere te betaal ✓✓
 - Buitelandse valuta kan by banke en buitelandse valuta agente gekoop en verkoop word ✓✓
 - Die Suid-Afrikaanse rand word vryelik in die forex mark verhandel en die waarde word bepaal deur die markkragte van vraag en aanbod ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir opskrifte/subopskrifte/voorbeelde)

(Maks 26)



ADDISIONELE DEEL

Toenames in inspuitings kan soos volg 'n impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie hê:

- Toename in investering sal die belastingbasis vergroot daardeur belastinginkomste vir die owerheid vermeerder ✓✓
- Die owerheid se kapasiteit om infrastruktuur te ontwikkel soos energie en vervoer sal toeneem ✓✓
- Oprig van nuwe besighede en infrastruktuur ontwikkeling projekte sal meer werksgeleenthede skep ✓✓
- Verbruikersbesteding mag toeneem soos huishoudings meer inkomste ontvang wat lei tot 'n toename in totale vraag ✓✓
- Toename in owerheidsbesteding op welsynbetalings en sosiale ontwikkeling verbeter die lewensstandaard in besonder vir die arme mense ✓✓
- Toename in owerheidsbesteding in die vorm van die voorsiening van subsidies en aansporings aan besighede voorsien sal produksie van meer goedere en dienste aanmoedig ✓✓
- Toename in subsidies mag die koste van produksie verlaag wat inflasie in die ekonomie laat afneem ✓✓
- Toename in Suid-Afrikaanse uitvoere mag tot die appresiasie van die rand lei wat die koste van produksie-insette invoere verminder soos olie ✓✓
- Vermeerdering in produksie-uitvoere dra by tot 'n toename in die reële BBP van die land ✓✓
- Betalingsbalans-probleme mag afneem soos die handelsbalans toeneem as gevolg van 'n vermeerdering in uitvoere ✓✓
- Deur die vermenigvuldigerproses, die land se nasionale inkomste sal teen 'n groter grens toeneem ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(Maks 10)

(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote noem van feite/voorbeelde)


SLOT

Markte verseker beskikbaarheid van verbruikersgoedere en dienste aan huishoudings en die owerheid terwyl besighede toegang tot produksiefaktore verkry. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte hoër-orde-slot)

(Maks 2)

[40]



VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in detail die verskillende sosiale aanwysers.** (26 punte)
- **Hoe kan verstedeliking die lewenstandaard van die Suid-Afrikaanse bevolking beïnvloed?** (10 punte)

INLEIDING

Sosiale aanwysers is maatstawwe wat ekonome gebruik om die prestasie van 'n land in terme van die sosiale welstand van sy burgers te evalueer ✓✓ (Maks. 2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding)

HOOFDEEL**1. Demografie** ✓


- Dit handel oor die kenmerke van die bevolking, soos grootte, ras, ouderdom, geslag, inkomste geografiese verspreiding, taal, onderwys, beroep en godsdiens ✓✓
- Dit is definieerbare kwessies wat verband hou met menslike welstand oor 'n tydperk ✓✓
- Die grootte van die bevolking is belangrik vir infrastruktuur en maatskaplike programme

(a) Bevolkingsgroei: ✓

- Bevolkingsgroei is die toename in die aantal mense in 'n bevolking of verspreide groep ✓✓
- In Suid-Afrika het die bevolking in 2020 59,4 miljoen getel, 'n toename van 1,23% vanaf 2019 ✓✓
- Bevolkingsgroei is egter besig om af te neem aangesien die huidige bevolking in 2022 ongeveer 60 miljoen is, 'n toename van 0,84% vanaf 2021 ✓✓
- Die meting van bevolkingsgroei is belangrik vir die lewering van maatskaplike dienste en om die grootte van die belastingbasis (die totale aantal mense wat belasting betaal) te identifiseer ✓✓
- Om bevolkingsgroei te verstaan is belangrik vir die voorspelling, bestuur, monitering en uitwissing van plaag- en siekte-uitbrake ✓✓
- Bevolkingsgroei het gewoonlik implikasies vir aanwysers wat verband hou met onderwys, infrastruktuur en indiensneming ✓✓
- Menslike nedersettings en die gebruik van natuurlike hulpbronne hou ook verband met bevolkingsgroei ✓✓

(b) Lewensverwagting ✓

- Die term 'lebensverwagting' verwys na die aantal jare wat 'n persoon kan verwag om te lewe ✓✓
- Lewensverwagting is gebaseer op 'n skatting van die gemiddelde ouderdom wat lede van 'n bepaalde bevolkingsgroep sal wees wanneer hulle sterf ✓✓
- In 2019 was die lewensverwagting vir vroue in Suid-Afrika sowat 67,68 jaar, terwyl die lewensverwagting vir mans gemiddeld sowat 60,73 jaar was ✓✓
- Dit is 'n maatstaf wat dikwels gebruik word om die algemene gesondheid van 'n gemeenskap te bepaal ✓✓
- Veranderinge in lewensverwagting word dikwels gebruik om tendense in mortaliteit te beskryf ✓✓
- 'n Verhoging in lewensverwagting kan die produktiwiteit van beskikbare menslike hulpbronne verhoog, ✓✓ bv. deur die gesondheid van werkers te verbeter ✓
- Lewensverwagting vir 'n bepaalde bevolkingsgroep hang af van faktore soos lewensstyl, toegang tot gesondheidsorg, dieet en ekonomiese status. ✓✓ MLL



2. Voeding en Gesondheid ✓

- Die lewenstandaard van die bevolking hou verband met die kwaliteit van voeding en gesondheid ✓✓

Voeding**(a) Kinderwanvoeding** ✓

- Wanvoeding word op twee maniere uitgedruk – gewig vir ouderdom (ondergewig) en lengte vir ouderdom (dwerfgroei) ✓✓
- Die verhouding ondergewig kinders is die belangrikste aanwyser van wanvoeding ✓✓
- In Suid-Afrika is wanvoeding een van die hooforsake van kindersterftes, en die aantal geaffekteerde kinders neem toe ✓✓
- Die hooforsake van kinderondervoeding is huishoudelike voedselonsekerheid, onvoldoende sorg en ongesonde huishoudelike omgewing, en gebrek aan gesondheidsorgdienste ✓✓

(b) Oorgewig kinders/ Vetsug ✓

- Daar is 'n verband tussen vetsug van kinders en ander siektes ✓✓
- Suid-Afrika het 'n gekombineerde voorkoms van oorgewig en vetsug van 13,5% by kinders van 6–14 jaar, wat hoër is as die 10% wêreldwye voorkoms by skoolkinders ✓✓

Gesondheid**(a) Kindermortaliteit / Kindersterftes** ✓

- Kindermortaliteit verwys na die aantal kinders wat voor die ouderdom van een jaar sterf en dit is een manier om die gesondheid van 'n bevolking te meet ✓✓
- Die babasterftesyfer is die aantal babasterftes vir elke 1 000 lewende geboortes ✓✓
- Kindersterftesyfer van Suid-Afrika het geleidelik afgeneem van 93,59 sterftes per duisend lewende geboortes in 1971 tot 25,11 sterftes per duisend lewende geboortes in 2020 ✓✓
- Die hooforsake van babasterftes in Suid-Afrika is MIV en vigs, komplikasies van swangerskap en bevalling, en wanvoeding, wat alles met armoede verband hou ✓✓
- Die vermindering van babasterftes vereis verhoogde gesondheidssektorbesteding en verbeterde gesondheidstelsels se funksionering ✓✓

(b) Onder-vyf mortaliteit ✓

- Onder-5 mortaliteit is die aantal kinders wat voor die ouderdom van 5 jaar sal sterf ✓✓
- Onder-vyf sterftesyfer van Suid-Afrika het geleidelik gedaal van 143,8 sterftes per duisend lewende geboortes in 1971 tot 32,6 sterftes per duisend lewende geboortes in 2020 ✓✓

(c) Gesondheidsbesteding ✓

- Gesondheidsbesteding meet die hoeveelheid gesondheidsuitgawes as 'n persentasie van die BBP ✓✓
- In 2019 was gesondheidsbesteding as deel van die BBP vir Suid-Afrika 9,1% ✓✓

(d) Toegang tot veilige drinkwater ✓

Toegang tot veilige drinkwater meet die persentasie van 'n bevolking wat redelike toegang tot veilige drinkwater het ✓✓

NP MLL

- In Suid-Afrika was die mees verbeterde waterbron leidingwater binne die huis met ongeveer 44% van huishoudings wat sulke toegang gehad het. ✓✓

NP MLL



SS/NSS – Nasienriglyne

- Suid-Afrika word verwag om 'n watertekort van 17% teen 2030 te ervaar en klimaatsverandering kan die situasie vererger ✓✓

(e) Toegang tot sanitasiegeriewe ✓

- Toegang tot sanitasiegeriewe meet die persentasie van 'n bevolking met ten minste voldoende sanitasiefasiliteite wat mens-, dier- en insekkontak kan voorkom ✓✓
- In Suid-Afrika gebruik ongeveer 80% van huishoudings 'n verbeterde sanitasiefasiliteit ✓✓
- Ongeveer 61% van huishoudings het spoeltoilette wat aan die openbare riool gekoppel is en sowat 12% van huishoudings het puttoilette met ventilasiepype ✓✓
- Swak sanitasie veroorsaak ekonomiese verliese wat verband hou met die direkte koste van die behandeling van siektes en verlore inkomste deur verminderde produktiwiteit ✓✓

3. Onderwys ✓

- Mense se lewenstandaard hou direk verband met hul formele vlak van onderwys ✓✓
- Vyf of ses jaar van skoolgaan is 'n kritieke drumpel om volhoubare geletterdheid en numeriese vaardighede prestasie te verwerf ✓✓

(a) Openbare besteding ✓

- Meet die persentasie van die nasionale begroting wat op onderwys gerig is ✓✓
- In Suid-Afrika ontvang onderwys die grootste deel van staatsbesteding, met 21% van nie-rentetoeënnings wat vir basiese en hoër onderwys opsy gesit is ✓✓
- Staatsbesteding aan onderwys, as persentasie van die BBP in Suid-Afrika was ongeveer 6,2 % in 2020 ✓✓

(b) Sekondêre skoolinskrywing ✓


- Sekondêre inskrywings toon die persentasie van 'n ouderdomsgroep wat hoërskool bywoon ✓✓
- Sekondêre skoolinskrywings in Suid-Afrika het oor die afgelope dekade verbeter ✓✓

(c) Primêre voltooiing ✓✓

- Primêre voltooiing verwys na die persentasie van 'n ouderdomsgroep wat primêre onderwys voltooi het. ✓✓
- Die persentasie is 'n aanduiding van die doeltreffendheid van die onderwysstelsel ✓✓
- Die laerskoolvoltooiingspersentasie vir Suid-Afrika het van 77,07% in 1991 tot 92% in 2019 toegeneem ✓✓

(d) Jeuggeletterdheidsyfer ✓

- Jeuggeletterdheidsyfer is die persentasie mense tussen die ouderdomme 15-24 wat beide kan lees en skryf ✓✓
- Jeuggeletterdheidskoers in Suid-Afrika het toegeneem van 97,6% in 2007 tot 99% in 2015, wat teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 0,24% gegroei het ✓✓
- Geletterdheid verryk nie net 'n individu se lewe nie, maar dit skep geleenthede vir mense om vaardighede te ontwikkel wat hulle sal help om vir hulself te sorg ✓✓
- Geletterdheid verbeter vermoë van individue om toegang tot inligting te kry ✓✓



4. Dienste ✓

- Dienste is noodsaaklik om mense se lewenstyl en vlak van ekonomiese en sosiale ontwikkeling te verbeter ✓✓

(a) Elektrisiteit ✓

- Die persentasie huishoudings verbonde aan die land se hoof elektrisiteitstoevoer het in 2018 tot 84,7% gestyg ✓✓

(b) Vullisverwydering ✓

- Ongeveer 66,4% van huishoudings in Suid-Afrika het een keer per week toegang gehad tot vullisverwydering deur die plaaslike owerhede ✓✓

(c) Watervoorsiening ✓

- In Suid-Afrika het sowat 89% van huishoudings in 2018 toegang tot skoon water gehad ✓✓

(d) Sanitasie ✓

- Net meer as 83% van huishoudings in Suid-Afrika het in 2018 toegang tot funksionele basiese sanitasie gehad ✓✓
- bv. spoeltoilette/puttoilette met ventilasiepype/en chemiese toilette ✓

5. Behuising en verstedeliking ✓

- Die lewenstandaard van die bevolking hou verband met die kwaliteit van hul behuising en dienste ✓✓


Behuising

- In 2017 het sowat 80% van Suid-Afrikaners in formele wonings gewoon ✓✓
- 'n Verdere 14% het in informele behuising gewoon, wat meestal plakker-nedersettings aan die periferie (buitekant) van stede en dorpe en in die tuine van formele huise is ✓✓
- Die oorblywende 6% het in tradisionele huise in plattelandse dorpie gewoon ✓✓
- Baie Suid-Afrikaanse burgers is arm en kan nie eiendom bekostig nie ✓✓
- Die regering verskaf behuisingsubsidies en die private sektor verskaf behuisingslenings ✓✓
- Die regering het die afgelope 15 jaar 2,7 miljoen laekostehuse gebou, maar daar is daar steeds 'n geraamde agterstand van 2 miljoen meer ✓✓
- Voldoende behuising kan ook arbeidsmobiliteit binne die ekonomie vergemaklik en die ekonomie help om by ongunstige skokke aan te pas ✓✓

Verstedeliking

- Verstedeliking is die toename in die persentasie mense wat in dorpe en stede woon ✓✓
- Verstedeliking vind plaas omdat mense van landelike gebiede (platteland) na stedelike gebiede (dorpe en stede) beweeg ✓✓
- Suid-Afrika verstedelik vinnig met 63% van huishoudings wat reeds in stedelike gebiede woon ✓✓
- Die statistiek sal teen 2030 tot 71% styg, wat die vraag na basiese infrastruktuurvereistes sal verhoog ✓✓
- Dit word gemeet of veroorsaak deur natuurlike groei van die stedelike bevolking, landelik-stedelike migrasie en die stigting van nuwe dorpe ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir opskrifte/subopskrifte/voorbeelde)**(Maks 26)**

ADDISIONELE DEEL

Verstedeliking kan die lewenstandaard van die Suid-Afrikaanse bevolking as volg beïnvloed:

Positiewe invloed

- Meer mense sal tot indiensneming in vervaardigingsnywerhede toegang hê wat inkomstevlakke sal vermeerder ✓✓
- Kinders sal tot beter gehalte onderwys toegang hê omdat meeste skole in stedelike gebiede beter infrastrukturele fasiliteite het ✓✓
- Siektes en kwale sal verminder as gevolg van verbeterde toegang tot behoorlike sanitasie en skoon water ✓✓
- Suid-Afrika sal tot 'n verskeidenheid goedere en dienste toegang hê daardeur die kwaliteit van hul lewens verbeter ✓✓
- Mense mag uit die ondernemings-geleenthede beskikbaar voordeel trek in die stede om kleinsake te begin, daardeur bronne van inkomste te skep ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

Negatiewe invloed

- Beweging van mense van plaaslike na stedelike gebiede mag oorbevolking van stede en dorpe veroorsaak wat tot meer kriminele aktiwiteite mag lei ✓✓
- Oorskotvraag vir dienste mag tot swak dienslewering deur die owerheid lei ✓✓
- Oorbevolking mag ook tot die ontwikkeling van informele nedersettings lei wat geassosieer word met swak watervoorsiening en sanitasie ✓✓
- Siektes en kwale mag in oorbevolkte dorpe vermeerder ✓✓
- Informele nedersettings mag tot onwettige aansluiting van elektrisiteit lei stel menslike lewens in gevaar ✓✓
- Verkeersopeenhoping in stede en dorpe mag padongelukke vermeerder lei tot verlies van lewens ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(Maks. 10)

(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote noem van feite/voorbeelde)

SLOT

Sosiale aanwysers is die beste maatstawwe om te kyk na die ontwikkeling en vordering van gemeenskappe as gevolg van regeringsinisiatief om die lewens van die gemeenskap in die algemeen te verbeter ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante hoër-orde slot

(Maks. 2)

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40

GROOTTOTAAL: 150

